Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 06 Jun 2018
Page: 7

AVE: 22437.49
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Tuks-roeiers wys wat voorlê met silwer in Serwië

Wilhelm de Swardt

Daar word al lank gegis oor hoe goed Kirsten McCann en Nicole van Wyk sal wees wanneer hulle sou saamspan in 'n liggewig-dubbelskulboot. Ná die naweek se Wêreldbekerbyeenkoms in Belgrado, Serwië, is dit duidelik dat hulle 'n gedugte kombinasie kan word.

Die Tuks/HPC-roeiers was Sondag tweede. Dit was die eerste keer dat hulle saam aan 'n Wêreldbekerregatta deelgeneem het.

Wat regtig opwindend was, is die wyse waarop hulle geveg het om die silwermedalje hulle s'n te maak. Ná die eerste 1 500 m was hulle in die vierde plek, maar tou opgooi was nie 'n opsie nie. Oor die laaste 500 m het dié twee met 'n verbete vaartversnelling verseker dat hulle eers die Franse en toe die Britte ingehaal en verbygesteek het.

Nederland se Marieke Keijser en Ilse Paulis het in 6:49.27 gewen. Die Suid-Afrikaners se tyd was 6:51.30, met die Britte in die derde plek in 6:51.64 en die Franse vierde in 6:51.96.

Die uitslag beteken dat McCann haar trotse vertonings by Wêreldbekerregattas en wêreldbyeenkomste voortsit. Sedert 2015 het sy elke keer wat sy deelgeneem het 'n medalje gewen. Dié Tuks/HPC-roeier spog sover al met twee goues, drie silwer- en twee bronsmedaljes.

Van Wyk het die afgelope twee jaar op die wêreld-o.23-byeenkoms onderskeidelik silwer- en bronsmedaljes in die liggewig-enkelskulwedvaart verower.

Eintlik is McCann en Van Wyk se vertoning nie 'n verrassing nie. Daar was reeds in April toe hulle aan die Regatta Internazionale Memorial Paolo d'Aloja in Italië deelgeneem het aanduidings dat dié twee 'n formidabele kombinasie kan word. Op die eerste dag het hulle goud in die liggewigwedvaart gewen. Gedurende die tweede dag het hulle teen die groter, en wat veronderstel is om sterker roeiers te wees, deelgeneem en 'n silwer verower.

McCann skryf hul sukses aan wedersydse respek en gesonde mededinging toe.

"Dit maak nie saak of ons buite of binnenshuis oefen nie. Daar is geen genade nie. Ek en Nicole druk mekaar tot die uiterste. Dit lei daartoe dat ons bly vinniger roei. Nicole het sterk eienskappe as roeier en so het ek. Wanneer ons saam roei, vul ons mekaar aan."

Die toewyding van die Tuks/HPC-roeiers is welbekend. Hulle is van die min sportlui wat tot op Kersdag oefen.

Van Wyk erken dat daar kere was dat sy gewonder het waarom sy haarself so straf.

"Dan hoef ek net na Kirsten te kyk en as ek sien hoe sy bly vasbyt, dan is ek weer van vooraf gemotiveer. Dit is 'n geval van as sy kan, moet ek ook kan."

Charles Brittain en James Mitchell (Tuks/HPC) het sesde in die manspare-eindronde geëindig.

Brittain is die jonger broer van Mathew en Lawrence, wat albei medaljes op die Olimpiese Spele verower het. Mathew was lid van die viermanspan wat in 2012 in Londen die goue medalje verower het, en Lawrence het in 2016 in Rio saam met Shaun Keeling 'n silwermedalje in die manspare gewen.

Die Tuks/HPC-roeiers Nicole van Wyk en Kirsten McCann het Sondag by die Wêreldbeker-byeenkoms in Belgrado, Serwië, tweede geëindig. Foto: REG CALDECOTT

MOGALE AUCTIONEERS
Your First Choice for Auctioneers
Algehele sluiting-veiling van Horn Contracts (Gauteng) cc
Donderdag 21 Junie 2018 @10 vm
Masjiene & Toerusting:
Staanboorpers/Omrander/Vertikale saag/Fineerpers/Fineerstikmasjien /Bandskuurder/Slagskuurder/Cent

AKKOMMODASIE
MASONIC HAVEN OUETEHUIS & AFTREEOORD, DIE WILGERS, PRETORIA-OOS
Verswakte sorg-eenheid (privaat kamers en deel akkommodasie)
– 24 uur bystand

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.